higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

MUNISIPALE ADMINISTRASIE N6

23 NOVEMBER 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	Ouditeur-generaal		
	1.1.2	Eiendomsbelasting		
	1.1.3	Openbare betrekkinge/skakelwese		
	1.1.4	Staatskoerant		
	1.1.5	Posontleding		
			(5 × 2)	(10)
1.2	1.2.1	Waar		
	1.2.2	Waar		
	1.2.3	Onwaar		
	1.2.4	Waar		
	1.2.5	Onwaar		
			(5 × 2)	(10)
1.3	1.3.1	keuringsproses		
	1.3.2	bedryfsbegroting		
	1.3.3	werksprogram		
	1.3.4	tesourier		
	1.3.5	stakingswag		
			(5 × 2)	(10)
1.4	1.4.1	D		
	1.4.2	E		
	1.4.3	B		
	1.4.4	C		
	1.4.5	A		
			(5 × 2)	(10)
				[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 2

2.1
- Kontrole-omgewing
- Risikobeoordeling
- Kontrole-aktwiteite
- Inligting en kommunikasie
- Monitering (5 × 1) (5)

2.2 2.2.1
- Om te verhoed dat inwoners uitgebuit word met die terugbetaling van die lening
- Om te verseker dat lenings en ander kapitaaluitgawes volgens wet aangegaan word
- Om ekonomiese skommeling te voorkom
- Om toekomstige geslagte teen hoë rentelaste te beskerm
- Om ongewenste toenames in diensfooie of belastings om so 'n lening terug te betaal, te voorkom (Enige 4 × 2) (8)

2.2.2
- Die leningsbesluit moet eers deur die Raad goedgekeur word.
- Die munisipaliteit moet die voorneme om die lening aan te gaan in die media publiseer, vir die insette van die publiek.
- Die lening moet deur die provinsiale owerheid goedgekeur word.
- Die provinsiale owerheid sal die beperkings op die lening voorskryf.
- As die provinsiale owerheid die lening goedgekeur het, moet die munisipaliteit die lening met die befondsingsinstansie onderhandel.

(5 × 1) (5)

2.3 Die vermeerdering van deursigtheid✓, toerekenbaarheid (aanspreeklikheid)✓ en verantwoordelikheid✓ in fiskale✓ en finansiële aangeleenthede (4)

2.4
- Die monitering van munisipale begrotings
- Die bevordering van goeie begroting en finansiële bestuur
- Die monitering en assessering/bepaling of munisipaliteite aan die Munisipale Finansiële Bestuurswet en ander standaarde van aanvaarbare rekeningkundige praktyk voldoen
- Die ondersoek van finansiële bestuur- en interne beheerstelsels in munisipaliteite
- Die neem van die nodige stappe as 'n munisipaliteit nie aan die wetlike vereistes voldoen om sy funksies doeltreffend uit te voer nie (Enige 3 × 2) (6)

2.5
- Om maatreëls in te stel om te verseker dat die geld wat in die begroting toegewys is bestee word soos bedoel is
- Om toe te sien dat deeglike beheermaatreëls toegepas word om behoorlike rekenskap van inkomstes en uitgawes te verseker
- Om te verseker dat al die voorgeskrewe finansiële prosedures gevolg word
- Om beheermaatreëls in te stel om diefstal en bedrog uit te skakel
- Om begrotingsbeheer toe te pas om te verseker dat fondse wat deur die raad goedgekeur is vir die aangewese doel gebruik word
- Om te verseker dat interne ouditering in die munisipaliteit plaasvind
- Om beleidmakers oor finansiële regulasies in te lig/van raad te bedien

(Enige 3 × 2) (6)

2.6
- Om te verseker dat die beamptes wat die opleiding-en-ontwikkelingsprogramme uitvoer goed toegerus is vir die taak
- Om beamptes van raad te bedien en leiding te gee oor hoe om die nodige reëlings te tref om die opleidingsprogram te implementeer
- Om dit vir ondergeskiktes moontlik te maak om die nodige vaardighede te bekom en dit doeltreffend aan te wend
- Om 'n positiewe houding teenoor opleiding en ontwikkeling onder departementshoofde en hoofamptenare te kweek
- Om te verseker dat departementshoofde opgelei is vir hul poste en dat hulle ontwikkel is om die verantwoordelikheid wat met hul poste saamgaan te aanvaar (Enige 3 × 2) (6)

[40]

VRAAG 3

3.1
- Interpersoonlike rolle
- Inligtingsrolle
- Besluitnemingsrolle (3 × 1) (3)

3.2 3.2.1
- Dit skep landwyd beroepsgeleenthede.
- Daar is gesentraliseerde beheer oor werknemers.
- Die kans vir begunstiging en nepotisme is minder.
- Een gedragskode en stel reëls is op alle munisipaliteite van toepassing. (Enige 2 × 2) (4)

3.2.2
- Dit verseker dat salarisse en diensvoorwaardes regdeur die regering dieselfde is.
- Dit skep wyer moontlike beroepsgeleenthede vir werknemers.
- Die werknemers kan tot die beste voordeel van hulself en die regeringsbehoeftes aangewend word. (Enige 2 × 2) (4)

3.2.3
- Die afsonderlike/geskeide personeelstelsel ('separate personnel system')
- Die nasionale personeelstelsel (2 × 1) (2)

3.3
- Om as voorsitter op te tree wanneer dispute met werknemers bespreek word
- Om salarisvoorstelle en die hersiening van beamptes se diensvoordele te oorweeg en te ontleed
- Om konferensies en seminare oor personeelsake by te woon
- Om opleidingsprogramme daar te stel
- Om 'n prestasiebeoordelingstelsel (meriete-beoordeling) daar te stel en in stand te hou en om ondergeskiktes van raad te bedien
- Om die selfontwikkeling (eie ontwikkeling) van amptenare te bevorder

(Enige 5 × 2) (10)

3.4 Munisipale raadslede word op 'n politieke platform verkies✓, terwyl administratiewe beamptes deur die staat gewerf word.✓
Munisipale raadslede het die ondersteuning van munisipale administratiewe beamptes nodig✓ om die beloftes wat hul aan die kieserskorps gemaak het na te kan kom.✓ (4)

3.5 Die menslikehulpbronbeleid verskaf riglyne vir die bevordering en verplasing van personeel.✓ Bevordering is die vertikale beweging van 'n laer na 'n hoër pos, wat beteken dat 'n hoër pos aanvaar word,✓✓ terwyl verplasing 'n horisontale beweging van een afdeling of department na 'n ander is, op dieselfde vlak, maar in 'n verskillende pos.✓✓ (5)

3.6 Die Gedragskode vir die Staatsdiens se invloed op werknemers se pligte:

- Dit beoordeel/assesseer en evalueer die beleidstellings en programme van die munisipaliteite.
- Dit rig/lei hul aksies en besluite om die doelwitte van hul organisasie in die belang van die publiek te bereik.
- Dit verseker dat hulle hul onverdeelde aandag aan die take wat verrig moet word gee.
- Dit verseker dat die bronne van die instelling doeltreffend en effektief gebruik word.
- Dit verseker dat werknemers stiptelik in die uitvoering van hul pligte is.
- Dit verseker dat werknemers nie sonder toestemming of 'n geldige rede afwesig van die werk is nie.
- Dit verseker dat werknemers hul pligte op 'n bekwame manier uitvoer.
- Dit verseker dat werknemers nie betrokke raak by enige transaksie wat met die uitvoering van hul pligte inmeng nie.
- Dit bepaal dat werknemers gewillig moet wees om hul belang in enige besluitnemingsproses te verklaar.
- Die moedig werknemers aan om verantwoordelikheid te aanvaar om hulself vir hul beroepe te bekwaam. (Enige 8 × 1) (8)

[40]

VRAAG 4

4.1 Dit is 'n munisipaliteit se finansiële plan wat aandui hoeveel geld die munisipaliteit sal ontvang en hoeveel geld hulle aan salarisse, goedere en dienste, infrastruktuur en toerusting gaan bestee. (3)

4.2
- Eiendomsbelasting
- Lenings
- Diensfooie
- Subsidies
- Inkomste van handelsondernemings (5 × 1) (5)

4.3
- Om 'n positiewe beeld van die munisipaliteit te skep en uit te dra
- Om munisipale beleid te ontleed en vrae van die media en die publiek te beantwoord
- Om persverklarings te skryf
- Om met mense van verskillende agtergronde te kommunikeer
- Om meningspeilings te doen (Enige 2 × 2) (4)

4.4 Die hoof finansiële beampte
- sorg vir (is verantwoordelik vir) die begroting en tesouriekantoor van die munisipaliteit
- help die rekenpligtige amptenaar met die voorbereiding en implementering van die munisipale begroting
- help die rekenpligtige amptenaar met die administrasie van die munisipale bankrekeninge
- adviseer senior bestuurders en amptenare oor begroting- en finansiële sake
- voer die begrotingsfunksie, rekeningkundige funksie, finansiële bestuur, finansiële verslaggewing en ander pligte uit wat die rekenpligtige amptenaar delegeer

(Enige 3 × 2) (6)

4.5 Die munisipale bestuurder

- woon vergaderings van die raad en komitees by
- is in gereelde samesprekings met die burgemeester, voorsitters van komitees en ander raadslede
- woon vergaderings van belangegroepe en belastingbetalersverenigings by
- beraadslaag met amptenare van die sentrale en provinsiale regerings
- beraadslaag met die hoofde van departemente in sy munisipaliteit om die korrekte interpretasie van beleid oor te dra
- adviseer ondergeskiktes oor hoe om beleidsdokumente wat aan rade voorgelê gaan word saam te stel
- gaan die beleidsvoorstelle van hoofamptenare na om seker te maak dat dit met die voorskrifte van hoër owerhede strook. (Enige 5 × 2) (10)

4.6
- Deelname lei tot die behoud van demokrasie.
- Deelname gee burgers 'n beter begrip van die funksionering van die regering.
- As hulle deelneem, kan burgers waardevolle insette lewer oor wat hul gemeenskap nodig het.
- As hulle deelneem, kan gemeenskappe insette lewer oor watter diensleweringsbehoeftes voorkeur moet geniet. (4 × 2) (8)

4.7
- Deur wyksvergaderings by te woon
- Deur raadsvergaderings by te woon
- Deur briewe aan die raad te skryf
- Deur drukgroepe te vorm (4 × 1) (4)

[40]

VRAAG 5

5.1
- Verlofreëlings
- Verplasings en bevorderings
- Werwing en aanstellings
- Opleiding en ontwikkeling
- Dissiplinêre en griefprosedures
- Regte met betrekking tot arbeidsverhoudinge soos stakings en vakbonde (6 × 1) (6)

5.2
- Die verkeerde persone sal vir poste gehuur word.
- 'n Hoë omset van personeel sal voorkom.
- Die werkers sal nie altyd hul beste lewer nie.
- Tyd sal verkwis word.
- Die munisipaliteit sal in die hof beland.
- Die munisipaliteit kan vir onveilige werksomstandighede gedagvaar word.
- Die werknemers mag voel dat hul salarisse onredelik is, vegeleke met senior personeel wat hul pligte versuim.
- As senior personeel nie hul personeel vir opleiding nomineer nie, sal dit doeltreffendheid en effektiwiteit beïnvloed. (Enige 5 × 2) (10)

5.3
- Hiërargiese kontrole✓ stel gesagslyne daar. Dit beteken dat elke bestuursvlak beheer oor die aksies van werknemers moet uitoefen.✓
- Raadsbeheer✓ – munisipale rade is dit aan die inwoners verskuldig (is verantwoordelik) om beheer uit te oefen.✓
- Departementele beheer✓ – gesagslyne en verantwoordelikheidsgebiede maak dit vir senior bestuurders, middelvlakbestuurders en toesighouers moontlik om beheer oor die werknemers in hul afdelings uit te oefen.✓

(3 × 2) (6)

5.4 Provinsiale regerings is die bewakers/opsieners van die munisipaliteite in hul provinsies.✓ Die provinsiale tesourieë werk nou met die Nasionale Tesourie saam✓ om te verseker dat munisipaliteite fondse beskikbaar het om gemeenskappe van dienste te voorsien.✓ (2)

5.5 'n Geïntegreerde Ontwikkelingsplan

- verseker dat die besluitnemingsproses weldeurdag, vinnig en volhoubaar is
- is 'n middel wat dit moontlik maak om realistiese projekte te identifiseer deur beperkte hulpbronne in ag te neem
- gee leiding oor waar beleggings moet plaasvind en help om die toestemming van rolspelers te kry om projekte te implementeer
- versterk demokrasie en verander/transformeer instellings
- maak gefokusde begroting moontlik, aangesien die geïntegreerde ontwikkelingsplanproses die munisipale begroting met die GOP (nasionale geïntegreerde ontwikkelingsplan) skakel, soos deur die wet vereis
- kan gebruik word om om goeie plaaslike bestuur ('local corporate governance') te verseker (Enige 4 × 2) (8)

5.6
- 'n Munisipaliteit behoort 'n woordvoerder aan te stel om met die pers te skakel, om te verseker dat slegs een persoon namens die munisipaliteit praat.
- Goeie verhoudinge met die pers is uiters belangrik, omdat hulle nuus volgens die redaksionele beleid van hul koerante publiseer/uitbeeld en nuuswaardige stories publiseer om hul verkope te verhoog.
- Omsigtigheid moet aan die dag gelê word om nie situasies te skep wat spanning tussen raadslede en ampternare sal veroorsaak nie.
- Daar moet soveel openlikheid wees as wat die omstandighede toelaat.
- Leuens moet nooit aan die pers vertel word, en die pers moenie mislei word nie. (Enige 4 × 2) (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou